# Wanneer jy bid

## Wanneer jy bid… soos Daniël

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 25 Januarie 2026

**Wanneer jy bid… soos Daniël – Die krag van vaste gebedstye.**

Gebed. Hoe nodig het ons nie om meer te leer oor die grootste roeping en voorreg van die lewe nie.

Vandag leer ons by Daniël. In sy daaglikse gebedsritmes sien ons een van die groot lewensbeginsels….

**Daniël se klein treetjies neem hom na groot bestemmings.**

’n Mens sien nie altyd die verband tussen jou klein, daaglikse, ongesiene gewoontes en die groot prentjie van jou lewe nie. Ons is so geneig om te dink dat die groot besluite, die dramatiese oomblikke, die groot deurbrake, of nederlae en mislukkings bepaal waarheen ons lewe gaan.

Maar Daniël se lewe, al was dit vol sulke groot oomblikke, vertel eintlik iets anders. Die gróót oomblikke het nie sy lewenskoers bepaal nie, die groot oomblikke was eerder die gevólg van die ongesiene, “kleiner” oomblikke wat elke dag die onderbou was van hoe hy geleef het. Die nie-dramatiese, gewone gewoontes was die werklike, karaktervormende krag in Daniël se lewe.

Daniël het ’n gewoonte gehad: drie keer per dag, met sy vensters oop na Jerusalem, het hy alles gelos, eenkant gekom en gebid. Dit is dáár, weg van die koning se paleis en die loerende oë van sy vyande, waar sy karakter gesmee is. Dit is dáár waar die man gevorm is wat selfs die leeus in die leeukuil nie kans gesien het om aan te val nie.

Daniël se verhaal is soveel meer as net ’n spannende kinderstorie oor ’n man wat uit ’n leeukuil gered is. Dit sê iets van hoe ’n standvastige lewe van toewyding in gebed ’n mens se karakter en integriteit vorm om jou jou lewensdoel te laat bereik.

Voordat ons by die verhaal van die leeukuil in Daniël 6 kom, kom ons neem net ’n oomblik om te onthou wie hierdie man was, en hoe sy verhaal van klein treetjies ons kan inspireer.

Daniël word as ’n jong man, waarskynlik ’n tiener, saam met sy vriende Sadrag, Mesag en Abednego uit Jerusalem weggevoer na Babilon, hoofstad van Babelonië, vandag se Irak. ’n Land met ’n koninklike godsdiens. Die koning was die middelaar tussen Marduk, die hoofgod oor ’n hele goderyk. In Babilon is geglo dat Marduk die lot van alle dinge en mense bepaal het,

en dat die koning sy aardse verteenwoordiger was. Wat die koning sê, is wat die Skeppergod Marduk sê. Marduk se beeld was in hulle tempel en offers is aan hom gebring.

Reeds in die heel eerste hoofstuk sien ons die fondament van sy karakter. Hy en sy vriende neem hulle voor om hulleself nie te verontreinig met die koning se kos en wyn nie. Dit klink dalk na iets klein, ’n dieetkeuse, maar dit was ’n daad van gehoorsaamheid. Privaat, niks dramaties nie. Niemand sou regtig geweet het as hulle kompromie aangegaan het nie. Maar Daniël het ’n besluit geneem: ek sal getrou bly aan my God se wette, selfs in die klein dingetjies, selfs wanneer niemand kyk nie. Hierdie vroeë "nee" vir kompromie was die begin van ’n patroon van standvastigheid wat sy hele lewe sou kenmerk.

Deur die hoe God Daniël word seën met buitengewone wysheid. Hy kan drome en visioene interpreteer wat die slimstes in Babel dronkslaan. Hy dien onder die magtige koning Nebukadnesar, sonder om Marduk te aanbid, hy sien die val van die arrogante koning Belsasar, toe Kores, die Persiese Koning hom verslaan, en nou, in hoofstuk 6, op waarskynlik ten minste tagtigjarige ouderdom, dien hy onder Koning Darius, wat oor Babilonië regeer namens die Persiese koning Kores. Hy beweeg in die hoogste kringe van die wêreld se magtigste ryke—omgewings bekend vir hulle korrupsie, politieke intriges en morele bankrotskap.

En dit bring ons by die vraag: Hoe bly ’n mens vir dekades lank onbesmet, met jou integriteit behoue, in so ’n omgewing en kultuur waar mense hulle siel verkoop vir mag of geld? Wat is die geheim? Die antwoord lê in die sentrale tema van ons reeks: gebed. Wat ons in Daniël 6 sien, is nie ’n geïsoleerde, uisonderlike daad van heldhaftigheid nie. Dit wys eintlik eerder na ’n lewenswyse oor dekades vóór daardie daad, ’n lewenslange ononderhandelbare ritme van daaglikse gebed.

Kom ons lees nou die kern van vandag se boodskap...

### Daniël 6:4-6

4Toe het hierdie Daniël bo die ministers en die landvoogde uitgemunt, omdat ’n voortreflike gees in hom was; daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

5Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om ’n grond vir ’n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir ’n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie.

6Daarop het dié manne gesê: Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir ’n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens.

### Daniël se Onkreukbare Integriteit

Wat ’n getuienis! Daniël, die uitlander, die ou man, die balling, styg uit bo al die ander top-amptenare. Koning Darius, die magtigste man in Babilonië, is so beïndruk met hierdie bejaarde Daniël, dat hy beplan om hom tweede-in-bevel oor sy koninkryk te maak.

Dink jouself in hierdie situasie in. Jy is een van daardie ander ministers met ambisie om eerste

minister te word. Jy is jaloers, bedreig. Hierdie buitelander, wat Marduk verwerp, en wat in elke geval op ’n ouderdom is wat nie strook met so ’n leiersposisie nie. Wat doen jy? Jy begin grawe in sy lewe. Jy loods ’n volskaalse forensiese oudit op Daniël se hele lewe en loopbaan, sy dekades van administrasie, sy besluite, sy finansiële rekords. Jy soek vir enige sweempie van korrupsie, enige nalatigheid, enige iets wat jy teen hom kan gebruik. En wat vind jy? Absoluut niks nie.

Lees weer:

“...hulle kon geen enkele grond vir ’n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie.”

Hierdie man, na dekades in die politiek, was onberispelik, regverdig, pligsgetrou, toegewyd, betroubaar, hardwerkend. ’n Vlekkelose rekord...

’n “Voortreflike gees”... sê vers 4. Hierdie voortreflike gees was nie aangebore nie; soos dit met geen mens aangebore is nie, dit is dag vir dag, jaar na jaar, gevorm in sy daaglikse ontmoetings met God.

## Daniël se ritme van gebed

Sy vyande besef, Daniël het iets in hom waarteen geen aanklag kan stand hou nie. Hulle kom tot die gevolgtrekking: Die enigste manier om hom te vang, is om ’n wet te maak wat sy lojaliteit aan die God van Israel direk uitdaag. Hulle manipuleer die koning se ego en oorreed hom om ’n dekreet te teken. Vir dertig dae lank mag niemand enige god aanbid of selfs ’n petisie rig tot enige mens nie, behalwe aan koning Darius self. Die straf vir oortreding? Die leeukuil.

Die strik is gestel. Die wet is geteken. Almal weet wat op die spel is. En dit bring ons by die hart van Daniël se dissipline. Kom ons lees...

### Daniël 6:11

En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het **drie maal op ’n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God**, net soos hy tevore gedoen het.

Dink saam met my oor Daniël se situasie. Hy het die gevaar ten volle verstaan. En wat doen hy? Hy verander niks. Hy hardloop nie weg nie. Hy sluit nie sy vensters om in die geheim te bid nie. Hy verhoog ook nie die frekwensie van sy gebed, in ’n poging om vroom of uitdagend te wees nie. Hy verminder dit ook nie uit vrees nie. Hy doen net soos hy tevore gedoen het.

Drie maal per dag... Hierdie praktyk het diep wortels in die Joodse tradisie. Ons sien dit in die Psalms.

**Psalm 55:18 (LB)**

Ek lê my klagte en my probleme voor Hom soggens en smiddags en saans, en Hy hoor my gebed.

Daniël se gebedslewe was nie sommer 'n gier, 'n eie idee nie, maar 'n patroon van toewyding wat deur die eeue heen deur God se mense gevolg is. Dit was waarrondom Daniël sy hele dag beplan het.

Daar was...

**Drie Joodse gebeds-ure:**

Shacharit—oggendgebede

Mincha—middaggebede

Maariv—aandgebede

'n Ritme van toewyding... Ook die apostels in die Nuwe Testament het hierdie tradisie gehandhaaf en op vaste tye gebid...

**Handelinge 3:1**

En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed, die negende uur.

**Handelinge 10:9**

En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid...

**Handelinge 10:30**

En Cornelius sê: Vier dae gelede was ek besig om te vas tot op hierdie uur, en die negende uur het ek in my huis gebid...

Die vroeë kerk het gelowiges aangemoedig om deur die dag drie gebeds-ure te hê: nege-uur, twaalf-uur en drie-uur. Ook 'n voorgeskrewe gebed voor jy gaan slaap. In sekere gevalle was daar sewe sulke tye voorgestel. Die kern hiervan is dat gelowiges geleer is om deur die dag spesifieke tye eenkant te sit vir gebed, en dan ook om gebed die laaste ding te maak voor jy aan die slaap raak. Die vroeë kerk het geglo in ritmiese vaste gebedstye.

Ons vind Daniël, op sy vaste gebedstye, op sy knieë. 'n Posisie van nederigheid, onderwerping en aanbidding. Hy het erken wie in beheer is, geen afgod, geen aardse heerser nie.

Met sy vensters oop na Jerusalem… Dit was nie 'n daad van arrogansie om gesien te word nie. Dit was 'n daad van absolute toewyding en deursigtigheid. Dit het sy diep verlange na God se teenwoordigheid en sy verbintenis met God se beloftes en God se volk gesimboliseer, selfs al was hy in ballingskap. Dit was 'n publieke getuienis van sy private lojaliteit aan die God van Israel, die enigste ware God.

Hy het gebid en lofprysinge uitgespreek. Selfs te midde van 'n doodsdreigement was sy gebed gevul met dankbaarheid. Hy het nie net gesmeek om redding nie; hy het God gedank vir wie Hy is.

Hierdie enkele vers is een van die kragtigste beskrywings van onwrikbare geloof in die hele Bybel. Dit is die vrug van 'n lewe wat deur dissipline gevorm is.

Die getrouheid waar niemand sien nie vorm 'n mens se karakter en bepaal jou hele lewe. Dit is presies wat ons in Daniël sien. Sy daaglikse, ongesiene dissipline was die geheime bron van sy openbare krag.

Die Puriteinse skrywer John Owen het dit so gestel:

"What an individual is in secret on his knees before God, that he is. No more, no less." (John Owen)

Daniël was in die geheim 'n man van gebed, en daarom was hy in die openbaar 'n man van integriteit.

"Growth in grace is growth downward. It is the forming of a lower estimate of ourselves. It is a deepening realization of our nothingness." A.W. Pink

Daardie drie-maal-per-dag kniel het Daniël se wese gevorm. Hom nederig gemaak. Dit het hom herinner dat hy, ten spyte van sy hoë posisie, heeltemal afhanklik van God was. Daniël se vaste gebedstye het bepaal wie hy geword het.

Maar hoe moet ek maak met Daniël se verhaal? Is Daniël se boodskap dat goeie en dapper mense meer bid as ander? O nee…

Kom ons dink aan…

**Daniël, en ons almal, se eintlike Leeukuil**

Daniël se verhaal is bekend vir sy ontmoeting met letterlike leeus. Maar daar is baie gevaarliker leeus in die lewe en in die Bybel.

**1 Petrus 5:6-11**

"Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë... God wat alle genade gee... sal julle... self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak."

Daniël se leeukuil was 'n fisiese manifestasie van die geestelike werklikheid waarvan Petrus praat. Die grootste gevaar is nie 'n letterlike leeukuil nie. Die grootste gevaar is die leeukuil van ons eie binneste. Die stryd teen die bedreiginge van buite, hoe werklik ook al, is nie die grootste stryd nie, die daaglikse stryd binne-in ons eie harte is.

Kyk wat sê die skrywer van Hebreërs vir sy lesers oor hoe fel die innerlike stryd is, en hy sê dit vir mense wat reeds besittings verloor het en publieke vernedering verduur het:

**Hebreërs 12:4**

Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.

Die Amplified Bible stel dit nog sterker:

"You have not yet struggled and fought agonizingly against sin, nor have you yet resisted and withstood to the point of pouring out your [own] blood." (Amplified)

Hoekom is hierdie stryd so intens? C.S. Lewis verduidelik dat daar iets binne-in elkeen van ons is, ons natuurlike self, wat God se ingryping met alles in ons vermoë teenstaan.

"The natural life in each of us is something self-centred, something that wants to be petted and admired, to take advantage of other lives, to exploit the whole universe. And especially it wants to be left to itself: to keep well away from anything better or stronger or higher than it, anything that might make it feel small. It is afraid of the light and air of the spiritual world, just as people who have been brought up to be dirty are afraid of a bath. And in a sense it is quite right. It knows that if the spiritual life gets hold of it, all its self-centredness and self-will are going to be killed and it is ready to fight tooth and nail to avoid that." (C.S. Lewis)

Die eintlike leeukuil is binne-in ons. Iets in onsself wat skree: "Los my uit! Moenie inmeng nie! Ek wil nie met U praat nie." Iets wat daarteen veg dat God se lig in die donker dele van die hart kom skyn.

Johannes skryf hieroor. Hy begin sy evangelie deur te sê dat Jesus die Skepper is, ewig. En dat Hy vlees geword het om soos 'n lig in elke mens te kom skyn...

**Johannes 1:9**

Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld...

Twee hoofstukke later vertel Johannes wat Jesus vir Nikodémus, 'n invloedryke leier wat wil leer oor redding, vertel oor die ware stryd van die binneste:

**Johannes 3:19-20**

19...die lig (het) in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.

20Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.

21Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.

Om weg te deins van die lig af. Om God nie toe te laat om my diepste wese te verander nie. Die teoloog Spence-Jones bespreek hierdie woorde van Jesus...

...he who is inwardly sincere, who would never shrink from a genuine self-revelation—comes to the light... longing for more light, yearning to know the truth about themselves, however humiliating it might prove to be... They are not afraid of the revelation it will make. They may be humbled and pained by the disclosure, but there is a Divine luxury in such pain... the sincere man, who is honest with himself, is supremely anxious for the true light to bear down upon his "works." ...If he is deceiving himself with false hopes, he yearns that these should disappear before the shining of the true light. If his works will bear examination, then let him know the verdict which is unconsciously being given by the revelation of the light. (H.D.M Spence-Jones)

Dit is presies hiermee wat Daniël se daaglikse dissipline te doen het. Sy drie-maal-per-dag gebed was nie 'n rustige, passiewe ritueel nie. Dit was sy daaglikse, doelbewuste afdaal in sy eie innerlike leeukuil, gewapen met die enigste wapen wat werk: nederigheid en eerlikheid voor God. Elke keer as hy gekniel het, was dit 'n daad van oorlog teen daardie natuurlike self waarvan Lewis praat. Elke gebed was 'n doelbewuste keuse om die lig toe te laat om in sy situasie en sy binnewêreld te skyn, en dan sy eie wil te onderwerp aan God s'n.

Dink aan Daniël se innerlike stryd. Hy was 'n mens soos ek en jy. Binne in die hart se leeukuil woed die stemme, "Ek is oud. Ek verdien hierdie posisie. Ek het al die ervaring. Ek het hard gewerk. Miskien moet ek maar net stil in my binneste bid. Laaglê vir 'n rukkie. Ek kan eerste minister word. 'n Geseënde, gerespekteerde oudag."

Maar daar is 'n ander stem. "Kom na my toe Daniël. Laat ek jou stroop van menslike ambisie en vrees. Ek kan jou help met die stryd in jou woed..." Daniël doen wat die psalmis sê...

**Psalm 139:23-24**

Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg.

Die gevaarlikste gebed wat 'n mens kan bid. Om vir God te sê: "Here, ek gee U toestemming.

Bring die lig. Wys my die donker plekke. Wys my wat regtig in my is. Wys my my selfgesentreerde ambisies, my bitterheid, luiheid, vrees...Deurgrond my."

In die fisiese leeukuil is die vyand vóór jou; in die innerlike kuil is die vyand jý. Daniël kies om in hierdie massiewe versoeking en kruispad na God toe te vlug om, soos sy gewoonte was, God toe te laat om die daaglikse operasie op sy eie siel uit te voer.

Die grootste werk van gebed is om in die lig in te beweeg sodat God my kan vorm. En God het net een doel. Daarmee sal Hy vir die res van my lewe besig wees...

Paulus stel dit só:

**Efésiërs 4:13**

...totdat ons almal kom... tot 'n volwasse man, tot die mate van die volheid van Christus.

Om jou lewe te meet aan die lewe van Christus self!

Petrus sê God het ons alles gegee wat ons nodig het...

**2 Petrus 1:4**

...sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur.

'n Aangrypende, verbysterende gedagte: God wil ons nie net red nie; Hy wil ons herskep om soos Jesus te dink en doen en voel.

En dit is presies wat in gebedstye gebeur. Al voel jy dit nie. In die onsienlike vorm God mense wat in die lig kom staan...

Weereens, C.S. Lewis verduidelik die misterie hiervan:

"...a real Person, Christ, here and now, in that very room where you are saying your prayers, is doing things to you...interfering with your very self; killing the old natural self in you and replacing it with the kind of self He has... turning you permanently into a different sort of thing; into a new little Christ, a being which, in its own small way, has the same kind of life as God..." (C.S. Lewis)

Gebed. Gereelde gebed, het Daniël vir dekades lank in die teenwoordigheid gebring van Hom wat in Openbaring 5 genoem word, "die Leeu uit die stam van Juda." Die een wat die verseelde boek kon oopmaak. Omdat Daniël die teenwoordigheid van hierdie Leeu, die gevaarlikste van alle leeus geken het, kon die leeus in die leeukuil hom nie verslind nie, en kon die leeu wat die vyand is van die siel hom nie oorreed om sy rug op gebed en God te draai nie.

En as ons die nagmaal gebruik, dink ons aan die dag toe die magtige Leeu uit die stam van

Juda, soos 'n Lam gaan sterf het. Sy lewe neergelê het. Elke keer wanneer jy voor hierdie Leeu wat soos 'n Lam gesterf het buig, word jy meer soos Hy.

Gebed is om jouself voor Hom te bring. Gereeld. En te glo dat Hy elke keer as jy eenkantkom sy werk in jou doen. En ook as jy saam met Hom weer die dag en jou lewe betree:.

Ons sluit af met wat Paulus oor ontmoetings met God sê:

**2 Korinthiërs 3:18**

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is